**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GRAFIESE KUNS SG**
**(Oop)**

---

**Moet op 8 Mei 2006 oopgemaak word**

Die eksamen bestaan uit EEN vraestel: Die Praktiese Oop Eksamen. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele, die Werkboek (voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e)) en die Finale Praktiese Werk(e). Daar is geen Teorievraestel nie.

Algemene instruksies verskyn in DIE INSTRUKSIES VIR DIE PRAKTIESE OOP EKSAMEN VIR **GRAFIESE KUNS SG** OOP: CASS PORTEFEULJE.

## ALGEMENE INLIGTING : OOP EKSAMEN

- Verwys asseblief na die indienprosedures soos aangetoon op bladsy 10.
- Die voltooide Werkboek (Jaarwerk-boek en Eksamen-werkboek), Jaarwerk(e) en die Finale Werk(e) moet op **15 SEPTEMBER 2006 om 12:00** by die eksamenkommissaris ingelewer word.
  Individuele skole mag 'n vroeër inleweringsdatum vasstel om by hul eie interne skedule te pas.
- Die FINALE EKSAMENWERKBOEK (A3) moet die volgende bevat:

  1. Inhoudsopgawe
  2. Navorsingsopdrag
  3. Verwysingsmateriaal
  4. Voorbereidende tekening en EEN A3- of TWEE A4-grootte finale tonale tekening(e)
  5. Rasionaal

- Besonderhede oor hoe elke kategorie benader moet word, verskyn in *Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir* **GRAFIESE KUNS SG** *OOP: CASS* PORTEFEULJE.
- JAARWERKVEREISTES: Elke kategorie vir GRAFIESE KUNS stipuleer die verskillende vereistes vir die jaarwerk. Hierdie vereistes word vervat in *Die Instruksies vir die Praktiese Oop Eksamen vir* **GRAFIESE KUNS SG** *OOP: CASS* PORTEFEULJE.

  **LW:** Die vereistes vir die jaarwerk is VERPLIGTEND en slegs daardie kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag vir die eksamen in hierdie vak inskryf.

  Kandidate wat nie jaarwerk-navorsing (A4- of A3-grootte werkboek), voorbereidende tekeninge en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale jaarwerk-tekening(e) en TWEE praktiese jaarwerke kan inlewer nie, sal geen punte vir hierdie gedeelte van die eksamen ontvang nie.

- NASIEN VAN DIE EKSAMEN: Finale werke, soos in die eksamenvraestel uiteengesit, moet aangebied word as 'n UITSTALLING saam met die Finale Werkboek (A3-grootte navorsing, voorbereidende tekeninge en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e)) **EN** Jaarwerk-boek (A4- of A3-grootte navorsing, voorbereidende tekeninge en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e)) en TWEE Jaarwerke. Werklike Jaarwerke en nie foto's van Jaarwerke nie, **MOET UITGESTAL WORD**.

- EVALUERING: Punte sal soos volg toegeken word (TOTAAL = 300):

**JAARWERK**

| | |
|---|---|
| Navorsingsopdrag (A3- of A4-grootte) | 25 Punte |
| Tekening(e): EEN A3- of TWEE A4-grootte skets(e) met | 25 Punte |
| voorbereidingswerk | 100 Punte |
| TWEE Praktiese Jaarwerke | |
| **SUBTOTAAL:** | **150 Punte** |

**EKSAMEN**

| | |
|---|---|
| Navorsing (Slegs A3-grootte) | 25 Punte |
| Tekening(e): EEN A3- of TWEE A4-grootte tekening(e) met voorbereidingswerk | 25 Punte |
| Finale Praktiese Jaarwerke (TWEE) | 100 Punte |
| **SUBTOTAAL:** | **150 Punte** |
| **TOTAAL:** | **300 Punte** |

1. **VOLTOOI DIE VOLGENDE EKSAMEN-NAVORSINGSPROJEK**

**NAVORSINGSPROJEK** (Versameling van Inligting)

DEEL 1 5 Punte

Kandidate moet inligting versamel, opteken en kommentaar lewer oor (navorsing doen) EEN Suid-Afrikaanse OF EEN nie-Suid-Afrikaanse kunstenaar (*tekenkunstenaar / drukkunstenaar) deur van 'n soortgelyke tema of aspek van die tema gebruik te maak soos in die eksamenvraestel aangegee word. Die kandidaat behoort van hierdie geleentheid gebruik te maak om vas te stel / te ontdek hoe die kunstenaar die tema of aspekte van die tema op sy / haar unieke manier benader het.

*Tekenkunstenaar verwys na iemand wat tekeninge maak.

(± 50 – 100 woorde, plus visuele verwysingsmateriaal)

## NAVORSING

DEEL 2 10 Punte

Die kandidaat moet 'n **analise** (100 – 200 woorde) doen van 'n bekende afdruk/ skets van sy / haar eie keuse, wat 'n tema soortgelyk aan dit wat aan die kandidaat in die eksamenvraestel gegee is of wat 'n aspek van hierdie tema uitbeeld. **Sluit asseblief 'n fotokopie of 'n lynskets van die gekose afdruk / skets in.**

Die analise behoort 'n bespreking oor die volgende aspekte in te sluit:

- Empiriese inligting : Titel, kunstenaar, grootte en datum waarop die afdruk / skets voltooi is.

**Bespreking van die volgende aspekte moet gebruik word om die betekenis van die skets / tekening te ontgin, nie net die formele aspekte nie.**

- Samestelling : Beginsels soos balans, orde, harmonie en proporsie
- Styl en tegniek : Elemente soos kleur, vorm, lyn, toon, ruimte en tekstuur
- Ikonografie / Beeldbeskrywing : (Onderwerpbeginsel)
- Ikonologie : (Die boodskap binne die konteks van die sosiale agtergrond ten tye van die afdruk / skets, insluitend aspekte soos simboliek, gemoedstemming, ens.)

## NAVORSING

DEEL 3 10 Punte

Kandidate moet inligting insamel, opteken en kommentaar lewer oor faktore wat met die tema verband hou. Hierdie faktore kan sulke dinge soos die volgende insluit: kultuur / media / omgewing / tradisie / geloofsisteme / klas / politiek / ras of geslag, wat as stimuli vir hul sketse / afdrukke kan dien.

Die tweede deel moet uit 'n analise bestaan en bewys lewer van die leerder se betrokkenheid by en verbintenis tot die navorsingsopdrag. Hierdie opdrag behoort nie soos 'n opstel gehanteer te word nie, maar moet eerder 'n versameling geannoteerde beelde wees. Die inligting moet, met ander woorde, as 'n interaksie tussen die teks, visuele gedeeltes en klein sketsies aangebied word.

Die visuele studiemateriaal mag fotokopieë, foto's en sketse van die werk(e) van die kunstenaars betrokke by die gegewe tema insluit.

**TOTAAL: 25 Punte**

## TEMA "TUSSEN TWEE WÊRELDE"

Vir baie mense was die afgelope jare gekenmerk deur geweldige veranderinge, ongeag of hulle verband hou met finansiële omwentelinge, sosio-politiese veranderinge, persoonlike ondervindings, fisiese veranderinge in die omgewing, tegnologiese ontwikkeling... . Elke persoon moet die uitdagings wat in sy/haar rigting kom, konfronteer.

Die verganklikheid van alles om ons laat ons aanhoudend gekonfronteerd deur twee wêrelde – nou en die toekoms.
**"Tussen Twee Wêrelde"** laat ons vorentoe kyk na 'n wêreld wat gaan wees – 'n wêreld vol moontlikhede.

**INTERPRETASIE VAN DIE TEMA**

Hierdie eksamenvraestel bied aan jou die geleentheid om die tema: **"Tussen Twee Wêrelde"** visueel te ondersoek in die tekenmedium of in die drukkuns.

Dink aan die verlede, die hede en die toekoms en jou plek daarin. Watter ondervindinge het jy en die mense na aan jou gehad wat jou by 'n plek **"Tussen Twee Wêrelde"** gebring het?

Hierdie oomblikke, observasies, onthullings, en ervarings vorm net 'n paar van die eindelose paaie in die ontdekking van die tema.

Baie kunstenaars weerspieël in hulle kuns deurslaggewende oomblikke toe hulle hulself **"Tussen Twee Wêrelde"** bevind het.

**Hierdie is 'n paar idees wat jy as 'n vertrekpunt kan gebruik. Dit is nie verpligtend om enige van die bogenoemde voorstelle te gebruik nie.**

Om jou idees en benadering tot die medium te stimuleer word 'n lys van plaaslike voorbeelde van sketse en drukwerk hieronder aangegee:

- Die hoogdrukwerk van Austin Hleza, Azaria Mbatha en John Muafangejo
- Die tekenwerk van William Kentridge en Diane Victor
- Die pasteltekeninge van Penelope Siopis
- Werke deur die Caversham Press, Natal
- Die tekenwerk en ander werke van Zwelethu Mthethwa
- Werke op papier deur Durant Sihlali

Bogenoemde lys dien slegs as 'n moontlike vertrekpunt vir navorsing. Jy word ook aangemoedig om die werk van kunstenaars in jou onmiddellike omgewing en van dié wat in die globale kunswêreld werk na te vors. Gewilde kultuur en ander sosiale aktiwiteite kan ook as 'n belangrike bron van idees beskou word.

## ADDENDUM A / *BYLAAG A*

This addendum must be filled in, signed and pasted onto the front cover of the Final Workbook for the Open Examination.

*Hierdie bylaag moet voltooi en onderteken word en op die voorblad van die Finale Werkboek vir die Oop Eksamen geplak word.*

**YEAR / *JAAR* 2006**
**OPEN EXAMINATION / *OOP EKSAMEN***

| | | |
| --- | --- | --- |
| **GRAPHIC ART**<br>***GRAFIESE KUNS*** | **STANDARD GRADE**<br>***STANDAARDGRAAD*** | **603-2/0 (Open)**<br>***603-2/0* (*Oop*)** |

This is to certify that this work is the original work of the candidate and was done without the help of anybody else and under the supervision of the Art educator.

*Hiermee word verklaar dat die werk die oorspronklike werk van die kandidaat is en dat dit sonder die hulp van enige ander persoon en onder toesig van die Kunsopvoeder gedoen is.*

Candidate's examination number:
*Kandidaat se eksamennommer:*

| | | | | | | | | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | | | | | | | | | | |

Centre Number:
*Sentrumnommer:*

| | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | | | |

Head of Department:
*Departementshoof:*______________________________ Date:
*Datum:* _________________

Examination commissioner:
*Eksamenkommissaris:*____________________________ Date
*Datum:* _________________

Principal:
*Hoof*:__________________________________________ Date
*Datum*: _________________

**ADDENDUM B / *BYLAAG B***

NB: SEND IN BEFORE 1 SEPTEMBER 2006.
*LW: STUUR IN VOOR 1 SEPTEMBER 2006.*

**NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR GRAPHIC ART SG 603-2/0**
***GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR GRAFIESE KUNS SG 603-2/0***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION : 2006**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN : 2006***

SCHOOL / *SKOOL*: ____________________________________________________________

DATE / *DATUM*: ______________________________________________________________

ADDRESS / *ADRES*: ___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

TELEPHONE NO. / *TELEFOONNOMMER*: ________________________________________

FAX NO. / *FAKSNR.*: _________________________________________________________

CENTRE NUMBER / *SENTRUMNOMMER*: _______________________________________

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER*: __________________________________________

PRINCIPAL / *HOOF*: ___________________________________________________________

**OPEN EXAMINATION 2006 / *OOP EKSAMEN 2006***

**GRAPHIC ART SG 603-2/0*: / GRAFIESE KUNS SG 603-2/0***

Please note that centre number _________________________________ has fewer than ten / more than ten candidates enrolled for GRAPHIC ART SG for the Senior Certificate Examination for 2006. The exact number of candidates is ___________________.

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer ______________________________ minder as tien / meer as tien ingeskrewe kandidate het in die vak GRAFIESE KUNS SG vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2006. Die ingeskrewe getal kandidate is: _______________*

**PLEASE FAX ADDENDUM B TO: L SIMONIS (EXAMINER)**
**FAX: [011] 425 1800 BEFORE 1 SEPTEMBER 2006.**

***FAKS BYLAAG B NA: L SIMONIS* (EKSAMINATOR)**
***FAKS: [011] 425 1800 VOOR 1 SEPTEMBER 2006.***

## ADDENDUM C(i) / *BYLAAG C(i)*

DECLARATION BY THE ART EDUCATOR
*VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOERDER*

**WORK SUBMITTED AT THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXAMINATION VENUE**
***WERKE INGEDIEN BY DIE UITSTALLOKAAL BY DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE EKSAMENLOKAAL***

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION 2006
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN 2006*

I, the Art educator of _________________________________________________, centre number ___________________________, declare that ___________________________ candidates' complete works (final works and workbooks) were handed at this exhibition venue _________________ to _______________ (person in charge) for evaluation on this day _________ of __________________ 2006 for the subject GRAPHIC ART SG 603-2/0.

*Ek, die Kunsopvoeder van __________ ________________________________________, sentrumnommer _________________________, verklaar hiermee dat _______________ kandidate se voltooide werke en werkboeke by hierdie uitstallokaal ______________________ aan ________________________ (persoon in beheer) oorhandig is vir 'n evalueringsuitstalling op hierdie _____________ dag van _________________ 2006 vir die vak GRAFIESE KUNS SG 603-2/0.*

| ________________________________ | ________________________________ |
|---|---|
| **ART EDUCATOR**<br>***KUNSOPVOEDER*** | **EXHIBITION CO-ORDINATOR**<br>***UITSTALLINGKOÖRDINEERDER*** |

**ADDENDUM C(2) LIST OF CANDIDATES / *BYLAAG C(2) LYS VAN KANDIDATE***

| NO.<br><br>*NR* | CENTRE NO.<br><br>*SENTRUMNO.* | CANDIDATE NO.<br><br>*KANDIDAATNO.* | TOTAL NUMBER OF YEAR WORKBOOKS<br><br>*TOTALE GETAL JAARWERK-BOEKE* | TOTAL NUMBER OF EXAMINATION WORKBOOKS<br><br>*TOTALE GETAL EKSAMEN-WERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF WORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br><br>*GETAL WERKE INGEDIEN VIR EVALUERING* | DATE HANDED IN AT VENUE<br><br>*DATUM INGEDIEN BY PLEK* | DATE COLLECTED AT VENUE<br><br>*DATUM AFGEHAAL BY PLEK* | CANDIDATE'S SIGNATURE<br><br>*KANDIDAAT SE HANDTEKENING* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | |

**SUBMISSION PROCEDURES**

All schools must ensure that the art educator adheres to the following guidelines with regard to the handing in of practical work(s):

- Exam centres will not receive mark sheets for practicals. CASS mark sheets will, however, be distributed to each centre.
- The duly completed CASS mark sheet, together with all the related practical pieces of work (Workbooks, Yearbooks, Final Artworks), must be handed over to the school's Senior Certificate Exam officer by no later than 15 September 2006.
- Attendance registers will also be sent to schools for all ART II subjects. Registers, duly completed, must be submitted with the completed CASS mark.
- The marking schedule/roster for all Art II subjects will be sent to schools in August 2006.

***INDIENPROSEDURES***

*Alle skole moet seker maak dat die Kunsopvoeder die volgende riglyne vir die indien van alle praktiese werk(e) nakom:*

- *Die puntestate vir die praktiese werk sal nie na die eksamensentrums gestuur word nie. CASS-puntestate sal egter na elke sentrum gestuur word.*
- *Die CASS-puntestaat moet behoorlik voltooi word en saam met al die betrokke praktiese werkstukke (werkboeke, jaarboeke, finale kunswerke) by die skool se Seniorsertifikaat-beampte ingedien word nie later nie as 15 September 2006.*
- *Bywoningsregisters sal ook na skole gestuur word vir al die KUNS II-vakke. Registers, behoorlik en betyds voltooi, moet saam met die voltooide CASS-punt ingedien word.*
- *Die nasienrooster vir alle KUNS II-vakke sal in Augustus 2006 aan skole gestuur word.*

**END / *EINDE***